Daarbenewens moet dit meer doelmatige onderwys moontlik maak, gemeet aan die norme van die Christelike opvoedingsfilosofie en -beginsels. Onderwysbeplanning gebaseer op bespiegelinge in plaas van op betroubare, resente gegewens kan byvoorbeeld nie as Christelik verantwoord beskou word nie, en plaas 'n las op die gewete. Dit is dus noodsaaklik dat daar 'n doeltreffende databasis moet wees om te verseker dat beleidmakers, beplanners en administreerders besluite kan neem wat op feite berus.

In hierdie werkstuk gaan dit oor die makroskopiese stelsel van onderwysbeheer en -administrasie, beleidmaking, nastrewing van sosiale en ekonomiese doelwitte, en so meer, en nie oor intiem-persoonlike klaskamersituasies of pedagogies-didaktiese ontmoeting nie. Die werkstuk is 'n poging om die onderwysdatastelsel van Suid-Afrika wetenskaplik te deurvors, en dit sluit voorstelle ter verbetering in.

## 2. HISTORIESE ORIËNTASIE

### 2.1 TOT 1910

Die oudste bestaande publikasie in Suid-Afrika wat statistieke bevat, is die Annual Blue Book vir 1821. Dit bevat sekere gegewens oor bevolking en produksie (vergelyk Z1.1, No. 1).

Teen die middel van die vorige eeu was primêre en sekondêre onderwys feitlik 'n eenmansaak. Die jaarlikse onderwysverslae bevat gegewens van individuele skole wat geïnspekteer is. Dit strek van finansiële state tot die aantal kinders in elke skool wat Engels, Aardrykskunde, Rekenkunde, ensovoorts, leer. Selfs die datums waarop die skole besoek is, word aangegee, en sake soos die vlotheid en spelling van die leerlinge word genoem.

In byvoorbeeld die 1860-jaarverslag van die Kaapse Superintendent-Generaal van Onderwys word net twee statistiese tabelle gegee: 'n opsomming van die aantal skole volgens soort en bywoning, en 'n opsomming van die totale uitgawes en gemiddelde koste per leerling (Z3.1).

Die Kaapse onderwysverslae het met verloop van tyd lywiger geword, soos die aantal skole toegeneem het. In 1880 is oor 918 inrigtings verslag gedoen met 'n aantal tabelle en verder lang lyste van individuele skole met besonderhede van uitgawes, vakke en aantal leerlinge (197 bladsye). Daarbenewens word die name van al die studentonderwysers, dosente, onderwysers en gesertifiseerdes verstrek, sowel as die name van diegene wat goeiedienstoelaes gekry het (177 bladsye ; Z3.1).

In die Natalse Blouboek vir 1880 word 39 bladsye uit 'n totaal van 803 aan onderwys gewy. Die volgende gegewens word verstrek: uitgawes, resultate van eksaminering in individuele skole, getalle leerlinge in elke skool, en name van skoolhoofde en van geslaagdes by die jaarlikse kompetisie van leerlinge (Z4.1).

In 'n Britse verslag oor die onderwys in Kaapland en Natal, wat in 1901 verskyn het, verskyn enkele statistiese tabelle (Z9.1.1). Die grootste gedeelte van die verslag word aan organisatoriese aspekte en leerplanne gewy. In 1898 was daar reeds meer as 2500 skole in Kaapland, en die taak van inspeksie, eksaminering (wat feitlik identies was) en verslaggewing het aansienlik uitgebrei (Z9.1.1).

In Natal was daar 517 geïnspekteerde skole met 23,700 leerlinge in 1899 en in Kaapland 2674 skole met 4,505 onderwysers (volwassenes) en 147,424 ingeskrewe leerlinge (vergelyk Z9.1.1, bl. 111,200).

Wat statistieke betref, was daar nie juis noemenswaardige ontwikkelinge in die Transvaal en die Oranje-Vrystaat gedurende die vorige eeu nie.

Aan die begin van hierdie eeu (1903) was daar meer as 23,000 leerlinge in Transvaalse skole en meer as 9,000 in die OVS (Z5.1, Z6.1). Hierdie getalle het in die sewe jaar voor unifikasie verdubbel, met die grootste toename tot 1908. Benewens statistiese opsommings bevat die 1910-onderwysverslae van Transvaal en die Vrystaat lang lyste van besonderhede van individuele skole, insluitende name van leerkragte.

Twee-derdes van die Kaapse onderwysverslag vir 1910 word aan statistieke gewy. Die grootste gedeelte hiervan bestaan uit opsommings volgens distrik en inspeksiekring. Daar word tussen elf soorte skole onderskei. Gemiddelde en werklike skoolbesoek en inspeksieklassifikasie van leerlinge geniet steeds prominensie. Byna 170,000 leerlinge was by laasgenoemde betrokke.

Ook in Natal was daar tot 1908 'n aansienlike toename in die aantal leerlinge, waarna die groei stadiger was. Die statistieke in die 1910-verslag word grotendeels aan individuele skole gewy, met die aksent op finansies (Z4.2). Hierdie patroon is vir nog 'n aantal jare gevolg (kyk byvoorbeeld die 1915-verslag).

Die tabelle in die 1910-verslag van die Vrystaatse Direkteur van Onderwys bestaan grotendeels uit 'n lys van skole en kolleges met kwartaallikse inskrywing en bywoning, 'n lys distrikte met inskrywingsgetalle en 'n naamlys van onderwysers. Die enkele statistiese tabelle sluit 'n ouderdom-standerdverspreiding in (Z5.1).

Dit is nie duidelik watter gebruik van die gepubliseerde onderwysstatistieke voor 1910 gemaak is nie. Die indruk ontstaan dat dit bloot 'n samevatting van streeksinspeksieverslae was, hoofsaaklik om die betrokke owerhede te toon waar en hoe die geld wat voorsien is, bestee is.

## 2.2 DIE EERSTE JARE NA 1910

### 2.2.1 Provinsiaal

(a) Unifikasie het min of geen invloed op die patroon van die jaarverslae van die onderskeie onderwyshoofde gehad. Die enigste noemenswaardige verandering is dat die verslagjaar na kalenderjaar gewysig is, met die gevolg dat die meeste van die 1911-verslae oor 18 maande strek. Die Kaapse SGO het egter voortgegaan om verslae tot einde September te verstrek.

(b) <u>Kaapland en Natal</u>

Die tweede sin in elk van die Kaapse verslae van 1910 tot 1912 lui soos volg:

"The plan and arrangement of the Report are essentially the same as in previous years, its main object being to give an accurate presenta-

tion of the educational progress made during the year" (Z3.1).

In die 1913-verslag betreur die SGO, T. Muir, dit dat dit nie moontlik was om die gebruik, tot 1905 in swang, te hervat om die inspeksieverslae en statistieke vir individuele skole te publiseer nie:

"The absence of these reports and detailed statistics is much to be regretted, as they naturally afforded a more complete review of the position in school board areas than can possibly be obtained from the general Report ... and, further, they were of value to educationists in other parts of the Empire" (Z3.1).

Hy beweer voorts dat die besparing op valse ekonomie berus, veral in die lig van die soort ontwikkeling wat destyds aan die gang was. Onmiddellik daarna wys hy egter op die kwartaallikse publikasie van bywoningstatistieke in die Education Gazette. Hy beklemtoon die administratiewe gebruik van gegewens per skoolraadsdistrik.

Dit blyk dat die statistiese gegewens wat in die jaarverslae verstrek word, uit kwartaallikse opgawes saamgestel is, en in die 1914-verslag word, met 'n soort ommekeer, en met dankbaarheid, na die tweeweeklikse publikasie van die Gazette verwys:

"... giving the Department an opportunity of furnishing information just when the public interest in it is greatest. This applies more particularly to information of a statistical character."

Die vanselfsprekende noodsaaklikheid en belangrikheid van vars statistieke is destyds besef; ook die belangrikheid van gegewens oor onderwysers: 'n hele aantal kwalifikasie-indelings is gemaak. Benewens die standerdverspreiding van leerlinge volgens skoolraadsdistrik, word volledige opsommings volgens standerd en soort skool verskaf, asook vergelykings met voorafgaande jare.

In die Natalse onderwysverslae is die patroon van voor-unifikasie vir 'n hele aantal jare voortgesit, steeds met die aksent op finansies.

(c) Transvaal en OVS

In die 1911-verslag van die Transvaalse Onderwysdepartement word verskoning gemaak vir die vertraging van publikasie:

"The report is later than is desirable, ... The preparation of the statistics is in any case a slow process, for the pace is determined by the slowest of the local authorities on whom we have to depend for returns. Translation and duplicate checking of proof-sheets is, however, what causes most delay" (Daar is niks nuuts onder die son nie!) (Z6.1).

Benewens 'n aantal statistiese tabelle word inspeksieverslae, eksamenuitslae, verslae van eksaminatore en 'n volledige lys van skole volgens skoolraadsdistrik met sekere besonderhede, insluitende name van onderwysers en salarisuitgawes, gegee. Daar is ook inspeksieverslae vir individuele hoërskole.

In die OVS-verslae is die voor-unifikasie patroon voortgesit (Z5.1).

## 2.2.2 Uniaal

(a) Unie-onderwysdepartement

Volgens die unifikasie-ooreenkoms sou die nuwe sentrale onderwysdepartement hoër en beroepsonderwys beheer. In die eerste jaarverslag van die Ondersekretaris van Onderwys, Januarie 1911, word net oor die Universiteit van die Kaap en sy ge-affilieerde kolleges verslag gedoen. Daar is drie statistiese tabelle in die verslag van sewe bladsye. Oor die jare 1911 en 1912 is net een gesamentlike verslag van 17 bladsye met vyf tabelle gepubliseer. Getalle studente en geslaagdes in verskillende rigtings en staatsuitgawes word verstrek. In 'n bylaag word tegniese onderwys behandel (Z1.2).

Die 1913-verslag is heelwat lywiger (123 bladsye) en 'n verskeidenheid sake geniet die aandag, onder andere die omstrede begrip "Hoger onderwijs." Benewens veertien tabelle oor die kolleges, verskyn daar 'n aantal bladsye met gegewens oor skole wat van die onderskeie provinsiale onderwysdepartemente ontvang is, sowel as landswye opsommings van eksamenuitslae. Sommige "huisindustrieskole" geniet individuele aandag.

Latere verslae het in twee dele verskyn; een deel gewy aan universiteite en kolleges, en die ander aan kindersorg. Raadsverslae van individuele universitêre inrigtings is ingesluit, en kindersorginrigtings word in tabelle by die naam genoem. In die 1918-verslag verskyn 'n relatief klein aantal tabelle, waarvan slegs drie onder die opskrif "Statistieken". Aan provinsiale onderwys word twee bladsye gewy, insluitende drie oorsigtelike tabelle (Z1.2).

(b) <u>Kantoor vir Sensus en Statistieke</u>

Die Statistieke-wet (Wet nr. 38 van 1914) het in 1917 van krag geword, en uit die wet, sowel as uit die samestelling van die eerste Statistiekeraad, blyk dat aan die onderwys 'n baie ondergeskikte plek toegeken is.

Die eerste Offisiële Jaarboek, met gegewens vir die tydperk 1910 tot 1916, het in 1918 verskyn (No. 1, 1917). Benewens ses bladsye vir kultuursake soos biblioteke en museums, word 26 bladsye uit 'n totaal van 676 aan onderwys gewy. Tien bladsye handel oor hoër onderwys, en daar is slegs 'n klein aantal tabelle met statistieke oor laer en middelbare onderwys:

Vyf oor skole,
drie oor leerlinge,
ses oor onderwysers (insluitende vier met salarisskale),
een oor onderwysersopleiding,
een oor onderwysuitgawes
en een oorsigtelike tabel vir die OVS.

Die tabelle word met beskrywings van administrasie en beleid afgewissel (vergelyk Z1.1).

## 2.3 DIE VOLGENDE VIER DEKADES

### 2.3.1 <u>Provinsiaal</u>

In die tydperk 1915 - 1955 het elke onderwysdepartement, wat statistieke betref, op sy eie ingeslane weg voortgegaan. Die volgende sake verdien vermelding:

(a) Die verskille is talloos, en van so 'n aard dat regstreekse vergelyking selde moontlik is. Elke verslag met sy statistieke vorm

wel 'n logiese, samehangende geheel, maar dit is uiters tydrowend om oorsigtelike, landswye tabelle saam te stel (kyk 3.2 hieronder).

(b) Tot laat in die vyftigerjare was die provinsiale onderwysdepartemente ook vir die onderwys van nie-Blankes verantwoordelik, in sommige gevalle tot in die sestigerjare. Dit het verdere verskille in onderwysverslae meegebring.

(c) Aanvanklik is heelwat gegewens van individuele skole verstrek, maar gaandeweg is dit tot skoolraadsdistrikte en/of inspeksiekringe beperk. (Vroeër is soms selfs individuele onderwysers se salarisse verstrek!) Die gebruik om 'n volledige lys van skole as deel van die jaarverslag te publiseer, word tans nog deur sommige departemente voortgesit.

### 2.3.2 Uniaal

Die jaarverslae van die Sekretaris van Onderwys het teen 1920 'n minimumdikte van 28 bladsye bereik. Beknopte verslae van die verskillende universiteite en kolleges, van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad en van ander eksamenkommissies is daarin opgeneem. Gegewens van individuele gesertifiseerde inrigtings (kinderwelsyn) word verskaf, en daar is slegs enkele oorsigtelike tabelle insake hoër onderwys.

Teen 1930 is die universitêre tabelle heelwat uitgebrei, en tegniese kolleges en beroepskole het begin om 'n prominente plek in te neem.

Die Nasionale Buro vir Onderwys het in Julie 1929 met dr. E.G. Malherbe as hoof, tot stand gekom, en in die 1930-verslag van die Unie-onderwysdepartement word sommige van sy funksies uiteengesit. Die versameling en ko-ordinering van onderwysstatistiek word heel eerste genoem:

"It collects and co-ordinates statistics* and other data concerning education as administered by the Departments of each of the four Provinces and by the Union Department. Formerly, anybody desiring information on education in the Union, had no single place he could write to for this information. The only way open was to write to the five different education departments, and then, too, there was always the chance of his being

* Onderstreping deur skrywer

faced with the diffucult task of collating and interpreting the very diverse practices and terminologies obtaining under the different sytems *" (Z1.2, 1930 bl. 28).

Die verslag verwys voorts na die dringende behoefte aan "some central clearing-house for educational ideas."

Die tweede taak van die Buro is aangedui as internasionale skakeling op onderwysgebied.

Derdens moes die Buro navorsing insake opvoedkundige en maatskaplike probleme onderneem.

Die doel van die Buro word saamgevat as

"a sort of clearing-house where educational ideas, the results of educational experiments and researches, may be pooled, to be drawn from for the common good of the education of the whole nation."

Hierna volg 'n voorlopige verslag van 'n opname oor onderwysersopleiding. Toe is die uiteenlopendheid tussen die verskeie instansies reeds as chaoties bestempel:

"Looking at teacher-training from a national point of view the whole situation seems chaotic. While diversity of practice is not a bad thing in itself, there seems to be no unity of purpose about what is probably the most important task in the education of a nation - the training of its teachers ... That there are historical reasons for this chaotic condition does not assist us very much" (Z1.2, 1930).

Dit behoort duidelik te wees dat die rede vir die huidige onbevredigende toestande insake onderwysstatistiek (kyk 3 hieronder) ook hoofsaaklik histories is, maar dit help nie veel om daarby te berus nie. Die eerste pogings ter verbetering is te vinde in die stigting van die Nasionale Onderwysburo in 1929.

* Onderstreping deur skrywer

### 2.3.3 Eerste pogings tot koördinering

Die eerste oogmerk van die "Nasionale Onderwysburo" (die versameling en koördinasie van onderwysstatistiek) kon om verskeie redes nie verwesenlik word nie. Een rede was die afwesigheid van wetlike gesag.

In 1935 het die Interprovinsiale Raadplegende Komitee (IRK) tot stand gekom. Dit het bestaan uit die vier Administrateurs, die Minister van Binnelandse Sake en die Minister van Onderwys. Hulle is bygestaan deur die onderskeie uitvoerende komitees en onderwysdepartementshoofde. Laasgenoemde het, saam met die direkteur van die Buro (toe bekend as die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, NBOMN) 'n onderwyssubkomitee gevorm (kyk Z1.4, 1939,bl. 8).

Die IRK het geen wetsbevoegdheid gehad om te sorg dat sy besluite uitgevoer word nie; slegs onderlinge advies is gegee. Hierdie komitee het besluit dat die NBOMN jaarliks 'n bulletin van onderwysstatistiek moes publiseer. Die eerste Bulletin, met gegewens van 1904 tot 1938, het in 1939 verskyn. In die inleiding word onomwonde verklaar:

"Die behoefte aan 'n bulletin waarin nie alleen die allernoodsaaklikste statistieke versamel is nie, maar wat ook 'n sekere mate van vertolking en geskiedkundige perspektief bevat, is duidelik aan almal wat belangstel in onderwys in Suid-Afrika" (Z1.4).

Voorts word beklemtoon dat die byeenbring van statistieke dit moontlik maak om 'n juister besef van die nasionale belangrikheid daarvan te kry. Omdat die onderskeie onderwysdepartemente se belange nie heeltemal van mekaar los te maak is nie, en omdat die probleme nie onderling baie verskil nie, moet gegewens daaroor as integrale gedeeltes van groter nasionale probleme voorgestel en behandel word, anders word hulle werklike betekenis al te maklik verberg.

Drie oogmerke is vir die Bulletin van Onderwysstatistiek gestel:

(a) Gegewens word in nasionale perspektief voorgestel.

(b) Kumulatiewe statistieke oor 'n aantal jare word voorgelê om ook 'n historiese perspektief te behou.

(c) 'n Eerlike poging tot eenvormigheid van publikasie van fundamentele statistieke.

Benewens sestig bladsye met statistiese tabelle bevat die eerste Bulletin historiese en oorsigtelike beskrywings van die onderwysstelsel, twee hoofstukke oor getalstendense en 'n bibliografie. Hierdie gedeeltes is bygevoeg om vertolking van die statistieke te vergemaklik, en dit verhoog die waarde van die Bulletin aansienlik.

Weens oorlogtydse besparingsmaatreëls was die tweede Bulletin (1940) minder lywig, en is publikasie van bulletins daarna gestaak.

Die derde uitgawe (1947) het in 1949 verskyn. Die historiese inleiding en die beskrywing van die onderwysstelsel is tot datum gebring, maar daar is geen "spesiale artikels" of bibliografie nie. Hierdie inkorting is waarskynlik aan 'n personeeltekort te wyte, soos blyk uit die 1949-jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

Wat egter belangriker is, is die verskuiwing wat in die hantering van statistieke plaasgevind het. Tot 1949 is

"Die insameling en verwerking van (onderwys-) gegewens ... voortgesit en (is) pogings aangewend om die verstrekte gegewens vergelykbaarder te maak ...

Gedurende die jaar (1949) is statistiese en beskrywende materiaal ook aan die afdeling Sensus en Statistiek vir publikasie in die Offisiële Jaarboek van die Unie verskaf" (Z1.4, 1947).

Dit was die 1948-Jaarboek (Nr. 24) wat vroeg in 1951 verskyn het. Daarin (bl. 339, en in vorige Jaarboeke) word "om jaarliks 'n Bulletin van onderwysstatistiek op te stel en uit te gee" as een van die take van die NBOMN aangegee.

In Junie 1951 is die verslag van 'n komitee onder voorsitterskap van dr. F.J. du Toit ter tafel gelê (Z1.6). Hierdie komitee moes ondersoek instel na die verbetering en koördinering van statistiese dienste. Een van die gevolge van hierdie verslag was dat die Kantoor van Sensus en Sta-

tistiek in 'n Buro omskep is. Hierdie Buro het op grond van die Statistieke-wet (No. 38 van 1914, soos gewysig deur No. 5 van 1919) daarop aangedring om ook onderwysstatistieke te versamel en te publiseer. Die betrokke klousule lui soos volg:

" ... moeten jaarliks statistieken verzameld worden betreffende een of meer van de volgende zaken:

(a) bevolking;

(b) levens-, maatchappelike-, opvoedkundige- en nijverheidzaken daarin begrepen loonstandaards, kosten van bestaan, prijzen van waren en huishuur;

(c) ... (l) ..."

In die volgende uitgawe van die Offisiële Jaarboek (Nr. 25, 1949) is, by 'n uiteensetting van die werksaamhede van die NBOMN, die verwysing na die jaarlikse Bulletin van Onderwysstatistiek weggelaat. In hierdie en volgende Jaarboeke word, wat statistieke betref, slegs gemeld dat die NBOMN vir departementele statistieke verantwoordelik is. Dit sluit universiteite, tegniese kolleges en beroep- en spesiale skole in.

Waar die NBOMN vroeër die statistieke van die verskillende onderwys-departemente byeengebring en gepubliseer het, en aan die Kantoor vir Sensus en Statistiek verstrek het (vir publikasie in die Offisiële Jaarboek), is die toestand in 1951 omgekeer. Dit het geskied in 'n gees van sentralisasie. Die provinsiale onderwysdepartemente het ook statistieke regstreeks aan die Kantoor vir Sensus en Statistiek verskaf.

Wet Nr. 38 van 1914 verwys na "opvoedkundige sake", 'n vae en wye begrip. Maar die publikasie van die Bulletin van Onderwysstatistiek het op geen wetsgronde berus nie, bloot op 'n besluit van die Interprovinsiale Raadplegende Komitee. Hierteenoor kon die Buro vir Sensus en Statistiek die volle krag van 'n (vae) wetsbepaling as hefboom gebruik om die insameling en publikasie van onderwysstatistiek te sentraliseer.

Toe die Statistieke-wet in 1957 (Wet nr. 73) gewysig is, is die klousule wat hierbo aangehaal is, feitlik onveranderd vertaal. Slegs die inleidende sin is uitgebrei, en "moeten" is deur "kan" vervang:

"Behoudens die bepalings van hierdie Wet en die voorskrifte van die Minister, kan statistieke, op die tye en gedurende die tydperke wat voorgeskryf word, versamel word betreffende een of meer van die volgende aangeleenthede, naamlik–

(a) bevolking

(b) lewens-, maatskaplike, opvoedkundige en nywerheidsaangeleenthede, met inbegrip van loonskale, lewenskoste, pryse van ware en huishuur

(c) ... (l) ...

en betreffende enige ander aangeleentheid deur die Minister by kennisgewing in die Staatskoerant voorgeskryf."

Die wysigingswet het op die aanbevelings van die Du Toit-verslag gevolg. Hoewel vaag, was die Statistieke-wet die enigste wat vir die insameling en publikasie van opvoedkundige statistieke voorsiening gemaak het.

Ter wille van navorsing, beplanning en die beantwoording van navrae het die NBOMN egter voortgegaan met pogings om onderwysstatistieke te koördineer. Daar was steeds goeie samewerking met die Buro vir Sensus en Statistiek (BSS) en met die provinsiale onderwysdepartemente. Publikasie van die Bulletin van Onderwysstatistiek is egter gestaak, want sodanige statistieke sou nie as amptelik beskou kon word nie. Die situasie het ontstaan dat die BSS die alleenreg op amptelike publikasie van statistieke het en dat hierdie buro onderwysstatistieke aan die ander belanghebbendes moes verskaf – 'n totale omkering van die vroeëre prosedure.

### 2.3.4 Verdere pogings tot koördinasie

"In 'n poging om eenvormigheid in die versameling van opvoedkundige statistiek te verkry, is 'n konferensie van beamptes van die provinsiale onderwysdepartemente, die Buro vir Sensus en Statistiek en hierdie Buro (die NBOMN) belê om die moontlike wysiging van die bestaande vorms te bespreek. Die vriendelike samewerking van al die departemente is verkry en nuwe vorms wat in ooreenstemming met die aanbevelings van die konferensie ontwerp is, sal vroeg in 1952 opgestel word" (Z1.3, 1951, bl. 27).

In die 1953/54-jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap word gemeld dat die werk om onderwysstatistiek eenvormig te kry, en wat in 1951 begin is, twee keer deur agtereenvolgende bedankings van personeellede onderbreek is. Daar word voorts gerapporteer dat vorms vir die insameling van eenvormige onderwysstatistiek vir die volgende inrigtings opgestel en aanvaar is:

(a) Opleidingskolleges vir onderwysers

(b) Provinsiale skole

(c) Verpleegsterskole en -kolleges

(d) Militêre kollege

(e) Polisiekollege

(f) Landboukolleges.

Die volgende jaarverslag noem 'n ideaal wat verwesenlik is:

"Op die eerste Dinsdag in Junie het die skole van al die onderwysdepartemente hul jaarlikse statistiese opgawes in dieselfde vorms aangegee. Die Buro vir Sensus en Statistiek ontvang en verwerk die gegewens en sal in die toekoms verantwoordelik wees vir die publikasie van omvattende onderwysstatistiek vir die Unie en Suidwes-Afrika" (Z1.3, 1955, bl. 19).

Die krag agter hierdie beweging tot eenvormigheid was dr. A.L. Kotzee, destyds 'n beampte van die NBOMN. Hy het 'n artikel waarin om onderwysers se samewerking gevra is, teen die middel van 1955 in die tydskrifte van die onderwysersverenigings laat publiseer (kyk byvoorbeeld K7). In dié artikel is onder andere die noodsaaklikheid van eenvormigheid beklemtoon.

Daar moes twee konferensies met alle belanghebbendes gehou word voordat tevredeheid en eenstemmigheid bereik is (vergelyk K7, bl. 23).

Dit blyk dat die situasie in 1955 soos volg uitgekristalliseer het:

(i) Amptelike onderwysstatistiek is by die Buro vir Sensus en Statistiek gesentraliseer.

(ii) Eenvormigheid is bereik wat die insamelingsvorms van die verskillende onderwysdepartemente betref.

(iii) Die oordrag van onderwys aan Bantoes na die Departement van Naturellesake in 1954 het die instelling van 'n nuwe reeks statistieke, vorms, en dergelike meer, veroorsaak.

(iv) Statistiese opgawe-vorms is in duplo of triplo in Junie by elke inrigting ingevul. Een kopie is behou, en die ander na die betrokke departement gestuur vir kontrole en deursending na die BSS.

(v) Die BSS verwerk dan die gegewens, voorsien elke departement van tabelle en opsommings, en publiseer landswye statistieke in die Offisiële Jaarboek.

(vi) Die NBOMN het voortgegaan om gegewens van universiteite en ander inrigtings onder beheer van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap in te samel, te verwerk, en in die departementele jaarverslae te publiseer.

(vii) Die ander onderwysdepartemente het hoofsaaklik dié statistieke soos van die BSS verkry (vir die eerste Dinsdag in Junie), in hul jaarverslae gepubliseer. Daarbenewens is ook kwartaallikse gegewens en eksamenuitslae verstrek.

(viii) Daar was 'n redelike mate van koördinasie en sentralisasie van onderwysstatistiek, maar ter wille van navorsing, beplanning en die beantwoording van navrae het die NBOMN sy pogings tot koördinasie en vertolking voortgesit.

## 2.4 DIE DEKADE 1956 - 1966

### 2.4.1 Publikasies

(a) Tot 1960 is amptelike landswye onderwysstatistieke in die reeks Offisiële Jaarboeke gepubliseer. Die laaste een (nr. 30, 1960) het in 1961 verskyn, en bevat onderwysstatistieke vir die tydperk 1955 - 1958.

(b) Elke onderwysdepartement het natuurlik steeds jaarlikse onderwysstatistieke gepubliseer, maar nie noodwendig soos vir die eerste Dinsdag in Junie nie, die amptelike jaarlikse statistiekdatum. Statistieke vir die eerste Dinsdag in Junie moes van die BSS verkry word (kyk (f)).

Ander kwartaallikse gegewens kan elke departement self verwerk en publiseer, maar dan geld dit nie as amptelike statistieke nie.

(c) In hierdie tydperk het die Departement van Kleurlingsake ook begin om statistieke oor Kleurlingonderwys te publiseer.

(d) Ter herdenking van die vyftigjarige bestaan van die Unie het die BSS in 1960 'n publikasie Uniestatistieke oor Vyftig Jaar uitgegee (Z1.5). Dit bevat onder andere 23 bladsye met oorsigtelike tabelle oor die onderwys. Die gegewens strek tot 1958, soos die meeste ander statistieke in die boek.

(e) In 1963 het die NBOMN Onderwysstatistiek van die Republiek van Suid-Afrika vir die Vyftig Jaar, 1910 - 1959 saamgestel, as "'n poging om 'n vollediger beeld van onderwystoestande in die Republiek te gee" (Z2.1, bl.iii). Dit is uitgegee met die vertroue dat dit sou voorsien in die behoefte aan die allernoodsaaklikste onderwysstatistiek, en met die hoopvolle nommer: Statistiekreeks Nr. 1. Benewens tabelle bevat dit agtergrondmateriaal en grafieke vir alle volksgroepe. Weens beswaar van die BSS is hierdie publikasie nooit versprei nie.

(f) Die volgende oorsigtelike publikasie het in 1965 verskyn, naamlik Verslag No. 285 van die Buro vir Statistiek: Statistieke van skole, 1963 en Vroeëre Jare, Blankes (Z2.2. Die BSS se naam is in 1963 na Buro vir Statistiek verander). Die meeste gegewens word vir die jare 1957 tot 1963 verstrek. Hierin word weer genoem dat die Buro vir Statistiek die opgawes wat van elkeen van die vier provinsiale onderwysdepartemente en van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap ontvang word, verwerk:

"Die getabelleerde resultate word aan elkeen van bogenoemde departemente gestuur, wat dit dan by hulle jaarverslae inlyf" (Z2.2, bl. iii).

(g) Die eerste in 'n nuwe reeks Statistiese Jaarboeke, dié vir 1964, is in 1964 gepubliseer (Z2.3). Onderwysstatistieke vir die jare 1945 tot 1962, vir alle volksgroepe, verskyn daarin. Die statistieke is uiteraard nie baie volledig nie, maar wel baie nuttig.

Verdere Statistiese Jaarboeke is vir 1965, 1966 en 1968 gepubliseer.

2.4.2 Die kwessie van sentralisasie

Uit die toepaslike verslae en samesprekings blyk dat daar onsekerheid insake wetsbepalings en die verantwoordelikheid vir amptelike onderwysstatistiek was. Omdat die Statistieke-wet nie regstreeks na die onderwys verwys het nie (slegs na opvoedkundige sake), en omdat daar 'n wesenlike behoefte aan volledige, eenvormige statistieke was (en is), was daar 'n mate van onsekerheid by die belanghebbende instansies - die NBOMN, die Buro vir Statistiek en die onderwysdepartemente.

Nadat eenvormigheid van insamelingsvorms bereik is, was daar nog nie eenstemmigheid oor die verwerking en publikasie nie. Vergelyk 2.4.1.

Die volgende aanhalings uit die du Toit-verslag (1951, Komitee van Ondersoek na Openbare Statistiese Dienste in die Unie, Z1.6) is van kardinale belang vir argumente wat later volg:

"In baie gevalle word statistiek, wat voorheen spesiaal deur die Buro (vir Sensus en Statistiek) ingesamel moes word, tans deur die betrokke Staatsdepartemente in die loop van hul gewone administratiewe werk versamel. Hoewel hierdie neiging in stryd is met die beginsel van sentralisasie, het die betroubaarheid en volledigheid van die statistiek waarskynlik daarby gebaat" (Z1.6, bl. 7).

"Desentralisasie in die versameling van statistiek is nie noodwendig nadelig nie. Gegewens wat vir administratiewe doeleindes versamel word en wat deur 'n gespesialiseerde administratiewe Staatsdepartement gekontroleer word, is dikwels meer betroubaar is statistieke wat deur 'n suiwer statistiese kantoor versamel word. Gewoonlik moet die gegewens in elk geval deur die administratiewe departement verkry word en die versameling van soortgelyke statistiek deur die Buro sou slegs onnodige verdubbeling beteken. Sonder behoorlike koördinering is die onvermydelike gevaar egter dat die statistieke wat deur die menigvuldige liggame versamel word, onsamehangend sal wees en dat verdubbeling van die vraelyste wat deur die publiek voltooi moet word, wel sal insluip. Verdubbeling ten opsigte van die verwerking van statistiek kan ook voorkom" (Z1.6, bl. 38).

Met hierdie siening word hartlik akkoord gegaan. Dit bly egter 'n probleem om 'n ekonomiese balans tussen desentralisasie en verdubbeling te vind. Ten einde statistiese dienste en insameling te koördineer, is die Sentrale Koördinerende Komitee vir Statistiek (SKKS) in 1962 gestig, volgens 'n besluit van die Kabinet. Die funksie van die SKKS sou wees om die insameling van statistieke deur Staatsdepartemente en ander instansies te koördineer, met inagneming van die versameling en verwerking van gegewens wat reeds deur departemente kragtens bestaande wetgewing onderneem word (vergelyk Z2.4, bl.4).

Om sy taak doeltreffend te kan verrig, is 'n aantal subkomitees benoem, waaronder ook die Tegniese Advieskomitee vir Onderwysstatistiek (TAKO). Laasgenoemde het op aandrang van die NBOMN in Junie 1965 tot stand gekom, en die eerste vergadering is op 8 Desember 1965 in Pretoria gehou (Z7.2).

Tans bestaan die eienaardige toestand dat, hoewel een sentrale instansie verantwoordelik is vir die insameling, verwerking en publikasie van amptelike onderwysstatistiek, elke onderwysdepartement tog nog sy eie statistieke publiseer, 'n groot deel waarvan dus nie as "amptelik" bestempel kan word nie, en wat bowendien heeltemal ongekoördineerd geskied.

Hierdie is een van die problematiese aspekte wat in die volgende hoofstuk verder uiteengesit word.